**‘n Oortuiging en ‘n Begeerte**

**Heb 6:9-12**

**29 Mei 2022**

1. Heb 5:11-6:8 – Onderbreking van beskrywing van die Seun as Hoëpriester – omdat die lesers traag is om te leer, traagheid kan eindig in afvalligheid, waarna bekering onmoontlik is
2. Drie groepe mense: ongelowiges in die wêreld, gelowiges in die kerk, ongelowiges in die kerk
    a. Gelykenis van die bruilof: man sonder bruilofsklere = ongelowiges in die kerk (Mat 22:1-14)
    b. “Baie is immers geroep, maar min is uitverkies” (Mat 22:14)
3. Skrywer se oortuiging oor die Hebreërs (Heb 6:9-10)
    a. “Maar, geliefdes....” – skrywer is lief vir lesers, daarom waarsku hy hulle
    b. Skrywer is oortuig van beter dinge by sy lesers – dinge rakende die saligheid
        i. Hy is oortuig hulle is gelowiges en nie afvallig nie (vgl Rom 15:14, 2 Tim 1:5)
    c. “Beter dinge” = werke = vrug (vgl Heb 6:7-8, Jak 2:17, Tit 2:14)
        i. Sigbare werke
        ii. Liefde-arbeid
        iii. Aan medegelowiges en vir God se Naam (vgl Mat 25:34-40)
        iv. Kom voortdurend voor
    d. Skrywer is oortuig God is nie onregverdig nie
        i. As die werke daar is, beteken dit daar is geloof – en dus is hulle gered, en nie afvallig nie – en God sal dit nie ignoreer nie
4. Skrywer se begeerte / verlange / vurige wens vir die Hebreërs (Heb 6:11-12)
    a. Vurig – intens, warm
    b. Sy begeerte is vir elkeen van die Hebreërs
    c. Inhoud van die begeerte:
        i. Lesers moet ywer hê, nie traag wees nie (vgl 1 Tim 4:15)
        ii. Lesers moet volkome sekerheid van die hoop hê (vgl Rom 5:2)
        iii. Lesers moet in ywer volhard tot die einde toe (vgl Heb 3:14, Mat 24:13, Op 2:26)
        iv. Lesers moet navolgers word van erfgename van die belofte (dus gelowiges) (vgl Heb 6:13-20, Heb 11) – volg erfgename se geloof en geduld
        v. Vergelyk met 2 Pet 1:3-11
5. Opsomming: Heb 5:11-6:12
    a. Skrywer is besorgd oor die lesers – hulle is traag om te leer – hulle beweeg agteruit – onervare in geregtigheid – gebrek aan onderskeidingsvermoë – as die proses end-uit vorder kan hulle afvallig word, al het hulle baie heerlike dinge gesmaak – dan kan hulle nie weer tot bekering kom nie
    b. Skrywer is oortuig hulle is nie afvallig nie – want hy sien volgehoue liefde-arbeid in diens van medegelowiges en tot God se eer
    c. Skrywer het vurige begeerte – hulle moet end-uit met ywer leer en werk – sodat hulle volle sekerheid van die hoop sal hê – hulle moet navolgers word van medegelowiges
6. Toepassings
    a. Kan ons sekerheid hê? Wat kan ons die sekerheid gee? Hoe ontwikkel ons sekerheid?
    b. Voorbeeld van die skrywer vir leiers/herders